Wellington
Terapeutiese- en Beradingsdienste
Therapeutic and Counselling Services

Cummingsstraat 17 WELLINGTON 7655 Tel: 021 873 3178 E-pos: welltherapy@telkomsa.net
Council for Counsellors Registration Number SCO 0412

# BOELIEGEDRAG – HOE BEMAGTIG EK MY KIND

Boeliegedrag is ‘n tendens wat besig is om wêreldwyd toe te neem! Toenemend lees ons in tydskrifte, koerante en ander publikasies oor hierdie onderwerp. Vir sommige huise is dit egter iets waaroor daar nie net gelees of van gehoor word nie – dit is ‘n **werklikheid** wat ‘n invloed het op bykans almal in die gesin.

**Wat of wie is die boelie?** ‘n Kind of groep kinders wat hul mag misbruik om ‘n ander kind of kinders op ‘n herhaaldelike basis met opset seer te maak, te verneder of uit te sluit. Die volgende drie elemente is ALTYD teenwoordig:

- Doelbewuste gebruik van direkte of indirekte aggressie
- Ongebalanseerde magsverhouding tussen boelie en slagoffer
- Fisiese en/of emosionele pyn soos ‘n swak selfbeeld, mismoedigheid en angstigheid by die slagoffer

**Twee soorte boeliegedrag – direkte en indirekte boeliegedrag**

**1. Direkte boeliegedrag**

- **Verbaal en geskrewe:** Konfronterende aanvalle wat dreigemente, intimidasie en afknouery insluit, uittart, dreig om geheime uit te lap as nie iets wil doen, dreig om nie meer maats te wees as nie iets doen
- **Fisies:** Aktiewe aggressie, stamp, skouer, pootjie en suggestiewe tekens, afneem van geld en eiendom, klere skeur of oplig, makliker om raak te sien en te hanteer
- Direkte konfrontasie

**2. Indirekte boeliegedrag**

- **Sielkundige en sosiaal:** Meer subtiele vorms van afknouery soos gebare, verbale afknouery, verspreiding van gerugte, skinder, sosiale isolasie, die intensionele uitsluit van groepsaktiwiteite, beskadiging van reputasie, emosioneel afkraak en verneder
- **Fisies:** Dit is ‘n vorm van passiewe aggressie, moeiliker om raak te sien en te hanteer, agteraf
- Nie-direkte konfrontasie

**Hoekom raak kinders boelies?**

- Emosionele behoeftes wat nie bevredig word nie
- Ouer/s voorsien, maar is emosioneel afwesig
- Gebrekkige binding met ouer/s – afwesige pa/ma
- Rebelse kinder-egostaat, kritiese ouer-egostaat
- Word self geboelie
- Ouerskapstyl
- Gebrek aan goeie, konsekwente grense
- Gevoel van minderwaardigheid
- Huislike probleme, soos egskeiding

**Hoekom raak kinders die slagoffer?**

- Selfkonsep en sefbeeld het nie voldoende ontwikkel bue
- Afwesige pa/ma
- Aangepaste kind in egostate
- Emosionele en gedragskorrektheid bo alles – weet nie hoe om terug te "baklei" nie
- Emosionele woordeskat en uitdrukking geïnhibeerd
- Negatiewe terugvoer
- Kleiner, vetter, maerder, anders
- Raak maklik angstig/kwaad
- Min of geen vriende – weet nie hoe om dit te doen nie
- Weet nie hoe om homself te laat geld nie
- Huislike probleme soos egskeiding
- Ouer bevestig/versterk slagoffermentaliteit
- Emosionele kissie
- Oorbetrokke ouer
- Ouer dra eie angstigheid oor

**Gevolge van boeliegedrag op die slagoffer**

- Verhoogde skoolvrees
- Minderwaardigheidskompleks
- Ontwikkeling word benadeel/agterstande
- Selfbeeldprobleme
- Gevoel van eensaamheid/alleen
- Sosale isolasie
- Emosionele probleme
- Psigosomatiese probleme bv. maagpyn, hoofpyn, naarheid
- Kommunikasieprobleme
- Depressie
- Skolastiese probleme
- Antisosiale gedrag
- Moedeloosheid
- Huilerig

**Praktiese raad aan die slagoffer se ouers**

- Luister eers voor jy raad gee of vra – samevloeiing
- Moenie wys jy is onsteld of elke dag uitvra ("Met wie het jy vandag gespeel, wie was vandag lelik met jou?")
- Moenie jou angstigheid aan jou kind oordra nie
- Gee egte, positiewe raad – jou kind moet weet jy verstaan
- Kontak die skool en juffrou en laat jou kind dit weet
- Gee praktiese raad, bv. wegstap, samevloeiing, terugstamp, ander maatjies, "so what"
- Stel boelie se gedrag vir jou kind in konteks
- Fokus op jou kind se sterkpunte, bou aan die SELF van jou eie kind
- Individuele spelterapie om die SELF te versterk
- en ouerleiding by 'n kundige om jou as ouer toe te rus

**Praktiese raad aan boelie se ouers**

- Sorg dat jou kind positiewe rolmodelle het, bring baie tyd saam met hom/haar deur
- Dissipline is slegs doeltreffend as dit binne ‘n goeie verhouding plaasvind. Te veel en te streng dissipline is net so sleg soos te min
- Hou jouself dop – kyk wat maak jy met padwoede, moegheid, en waaroor praat jy van ander voor jou kinders
- Moedig natuurlike ontlading van frustrasie aan. Buite speel of oefening – nie te veel klem op die prestasie van sport of skoolastiese aktiwiteite
- Leer om te vertrou
- Leer om ander metodes te gebruik
- Bou karakter – positief oor klein dingetjies
- Moenie op die skool steun om jou kind op te voed nie
- Reageer op klagtes – moenie blind wees vir jou kind se foute
- Dink jou kind voor hy/sy doen? – ADHD?
- Gesels met jou kind oor die seine wat hy uitstuur, leer om te vra, eerder as te eis
- Vind uit wat jou kind se onderdrukte emosies is – laat ruimte vir dit om uit te kom
- Kontak ‘n terapeut indien dit voortduur
- Lae selfbeeld, min empatie

**Praktiese raad aan die kind wat geboelie word**

- Moenie wys jy is ontsteld, seergemaak nie, dit is wat boelie soek – ENIGE reaksie
- Wees ferm (Nee!!)
- Wees selfgeldend
- Onskep aanmerking in ‘n grap, samevloeiing
- Onthou jy is nie die een met die probleem nie, die boelie is
- Verbeel jy het ‘n sif of rubbermuur om jou en alles bons terug na die boelie of jy laat net deur wat goed is vir jou
- Moenie wraak beplan nie, dan jy daal tot sy/haar vlak
- Lyk selfversekerd – watter sein stuur jy uit?
- Boelies is nie so dapper alleen nie
- Maak nuwe vriende

**Nuttige vrae om aan die boelie te vra** (die doel is om insig aan die kind te verskaf, soms weet kinders nie eers wat die effek van hul gedrag is nie):

- Wat het jy gedoen?
- Wat maak dit wat jy gedoen het, verkeerd?
- Vir wie het jy seergemaak?
- Wat wou jy hê moes gebeur/wat wou jy bereik?
- Hoe sal jy dit volgende keer anders kan doen, sonder om iemand seer te maak?
- Aandring om verskoning te vra, waarom vrae en dreigemente, het min sukses
- Moenie die kind afbreek nie, al is jy ook teleurgesteld, vestig ‘n gesinsidentiteit

**Wat kan die skool doen?**

- Klasreëls moet duidelik wees en gereeld behandel word
- Die boodskap moet duidelik wees dat dit onaanvaarbaar is
- Deurlopende ontwikkeling van sosiale vaardighede
- Fokus nie op straf, maar op verandering van gedrag
- Kontak ouers indien gedrag vererger (boelie en slagoffer)

- Besluit saam wat gedoen moet word, sodat skool en huis dieselfde taal praat
- Juffrou moet nie ‘n ingesteldheid hê van “hanteer dit self nie”

**TEN SLOTTE**

- Kry hulp en ouerleiding indien jy as ouer nie meer weet watter kant toe nie
- Geniet die positiewe dinge van jou kind!

Saamgestel deur Karien Schoeman
B.A., HOD, Hon., MDiac (Play Therapy)
021 – 873 3178
Copyright©